



Helde en gode

Ons het helde nodig. Mense wat bereid is om die uitsonderlike te doen, mense wat 'n sekere vermoë het en dit gebruik. Helde inspireer. Helde lok mense om harder te oefen, meer te werk, meer te maak van die talent wat hulle het. Helde is telkens bakens van hoop. Daar is helde op die sportveld, in die politieke wandelgange, in die sake-wêreld, daar is selfs ikone in die vermaaklikheids-wêreld.

Somtyds gebeur dit dat 'n held meer word as wat regverdigbaar is, so verhef word dat dit alle grense van billikheid oorskry. Soms word helde tot gode verhef. Dit gebeur ten spyte van voete van klei - wat *elke* mens se anatomie aanvul.

Die gedagte dat mense gode kan wees, is nie nuut of uniek nie. Die antieke konings het met gemak goddelike herkoms verklaar of hul goddelike status verklaar en opgeëis. Dit gebeur vandag nog dat mense tot gode verklaar word.

Dit is nie meer konings wat dit toe-eien nie, dit is 'n status wat deur hul navolgers toegeken word. Hierdie status word veral toegeken aan helde op die sportveld en ikone in die vermaaklikheidsfeer.

Hedendaagse Indië met sy miljoene gode, is die beste voorbeeld van die gemak waarmee iemand tot god verklaar word. Sachin Tendulkar die krieketspeler is vyfde op die lys van mense wat volgens 'n wêreldwye opname bewonder word (1e Bill Gates, 2e Barack Obama, 3e Vladimir Putin,

4e Pous Francis). Die klein Maestro het in sy internasionale loopbaan wat oor 24 jaar gestrek het verskeie rekords opgestel. Rekords wat waarskynlik nooit oortref sal word nie. Met 15 921 lopies in 200 toetse, 18 011 internasionale-eendag lopies in 456 wedstryde, is dit duidelik dat hy weet hoe om die wilgerlat te swaai. Dit was vir sy ondersteuners 'n groot skok toe die 40 jarige sportheld sy aftrede aangekondig het.

In Indië is die mense fanaties oor krieket en spelers het 'n groot gevolg, waar hulle ook al gaan. Hulle skroom ook nie om meer as die nodige erkenning te gee nie. Op meer as een veld was daar baniere te lese wat duidelik gestel het; "Sachin is a god". In 'n kultuur met miljoene gode is een minder of meer nie dramaties nie. Die vergoddeliking van 'n held gebeur in wisselwerking tussen gewer en ontvanger. Die een wat tot god verhef word, presteer en verstom mense, die aanbieder voel homself daartoe gemagtig en bemagtig om iemand tot god te verklaar. So al asof godwees afhang van menslike erkenning. Nou kom die vraag: So wat?

Jaques Kallis, ons eie 38-jarige weelsydige krieketheld met 'n loopbaan van 18 jaar, het die derde meeste toetslopies ooit (Tendulkar 1e, Ricki Ponting 2e) aangeteken naamlik 13289, 292 paaltjies as bouler geneem en 200 vangskote benut. Hy het ook besluit om die stewels op te hang. Daar is baie erkenning aan hom gegee,

lang applous en tonele van emosionele afskeid. Hy gaan die roemsaal van sporthelde betree waar hy saam met manne soos Mannetjies Roux, Kepler Wessels, Francois Pienaar en vele ander, skouers sal skuur. Hy gaan nie gevoeg word by die panteon (eresaal vir gode) nie, daarvoor is ons te gebalanseerd in ons benadering. Of is ons?

Die vele helde wat op verskillende terreine van die Suid-Afrikaanse samelewing na vore getree het, en ons hantering van hulle, laat dit lyk asof ons weet dat daar 'n grens is wat nie oorskry mag word nie. Die Hansie Cronje-sage is hiervan 'n voorbeeld. Sy erkende knoeiery ten opsigte van wedstryde het sy voete van geldklei uitgewys. Hy word steeds deur sommiges as held geag, met die nodige tempering. Ons kyk gebalanseerd na die mens en kan dan steeds die held raaksien, sonder om te verguis of vergoddelik. Hierdie balans kan versteur word.

Ons sensitiwiteit rondom ons politieke verlede kan maak dat ons kwesbaar is en dalk, selfs ten spyte van onself 'n demi-god kan laat insluip. Die retoriek by die afsterwe van oud-president Nelson Rolihlahla Mandela laat die gevaarligte flikker. By die begrafnisdiens is daar reeds deur sy kleinkinders gepraat van goddelike lig. Die ongebalanseerde verwysing na sy en ons eie verlede dra by tot die meer-as verering van 'n man wat uitgestyg het. Hy het inderdaad na 27 jaar van gevangenskap die hand van vriendskap gereik. Hy was aan die ander kant nie vir 27 jaar in 'n tronksel nie. Die laaste paar jaar voor sy

vrylating het hy in 'n huis, met eie kok en gereelde besoekers, gelewe. Hy kon net nie vrylik rondbeweeg en in die openbaar verskyn nie. Hy het die Nobel-prys vir vrede ontvang, maar hy was ook stigterslid en eerste bevelvoerder van die ANC se militêre vleuel. Hy het opdragte gegee wat tot mense se ontydige, gewelddadige dood gelei het, en nooit het hy daarvoor verskoning gevra nie.

Die Skietlood het nie ten doel om 'n afgestorwene te verskurk nie. Mandela se menslike balansstaat lyk inderdaad goed en hy kan met reg deur sommiges as held verstaan word. Dit is net nodig dat daar balans en eerlikheid sal kom in die hantering van helde. Al lyk ons menslike balansstate hoe goed, ons is almal steeds bankrot sondaars voor die een ware God se troon. Geen mens kan god word nie, ongeag die aard van die heldedade. Word Mandela vereer of aanbid? Die Skietlood wonder hieroor.